

2 Oktober Romeine 5:12-21; Psalm 51; NGB 15 (Teks: 5:12 en Psalm 51:7)

Erfsonde

Artikel 15 van die NGB handel oor die erfsonde. Wat is dit?

Erfsonde bestaan in erfskuld en erfsmet.

Wat is erfskuld?

Onder erfskuld verstaan ons dat God die skuld van Adam, as Verbondshoof, aan al sy nakomelinge toereken (Rom. 5:12). Dit beteken dat God in Adam (as Verbondshoof) sy werkverbond met al die mense opgerig het. Toe Adam ongehoorsaam was, het al die mense saam hom in skuld voor God geval. Geen mens kon nou deur sy werke (werkverbond) die Ewige lewe verkry nie.

In Jesus Christus rig God egter sy genadeverbond op met sy kinders. My erfskuld word weggeneem deur die regverdigmaking in Christus. Deur Christus se soenverdienste word God se uitverkore kinders nou regverdig, vry, onskuldig verklaar. Deur 'n ware geloof in Jesus is ons nou regverdig voor God.

Wat is erfsmet?

Adam is ook ons geslaghoof. Dit beteken dat Adam, as natuurlike vader, hoof van die ganse menslike geslag is. Die oomblik toe hy ongehoorsaam sonde doen, dra hy, as't ware soos met vigs, die besmetlike kiem van die dood op alle mense oor. Dawid kerm dit uit: *"Ek was al skuldig toe ek gebore is, met sonde betaal toe my moeder swanger geword het"*. En Artikel 15 van die NGB praat van *"'n oorgeërfde gebrek waarmee selfs die klein kindertjies in die moederskoot besmet is"*.

Goddank, Jesus Christus gee nuwe lewe aan dooie harte deur sy Gees. Die Heilige Gees brand verder die smet van die sonde geleidelik weg in die heiligmaking. Sy Gees vernuwe ons na die beeld van Christus en bring elke gelowige tot daaglikse bekering en 'n lewe in heiligheid.

Sing: Psalm 51:3

Ds. T.J. Potgieter (Bloemfontein-Noord)